

Preekvoorgligting Sondag 16 Februarie 2020

Skriflesing: Mattheus 13: 1 – 9

Teksvers: Mattheus 13: 8a

Tema: As ware bekeerde is ek ontvanklik vir die troos en bemoediging van die Nagmaal

Om die heilige Nagmaal te vier is nie net om aan die tafel te kom aansit nie – ons moes ons voorberei hiervoor. Ons moes vasstel wat is ons hartsingesteldheid en seker maak dat dit reg is sodat ons die Nagmaal tot ons versterking kan gebruik.

Die gelykenis van die saaier het dit oor die hart van die mens, sy innerlike wese, sy siel en dan word dit beskryf as die saaiplek van saad. Die saad hier die Goddelike Woord en dan word deur die gelykenis die vraag gestel - wat het van die saad, van die Woord in die hoorder se lewe geword? Waar val God se Woord spreekwoordelik, ook by ons – op 'n harde pad, vlak grond, tussen onkruid of op 'n goed voorbereide land?

In antwoord hierop die fokus op die laaste beeld in die gelykenis “En 'n ander deel het in die goeie grond geval” (vers 8). Goeie grond veronderstel dit wat reg is vir die ontvang van die saad. Nou moet ons beseef dat grond nie sonder meer as “goeie grond” in terme van die gelykenis beskryf kan word nie. Die werklikheid is dat daar 'n proses aan verbonde is om van grond “goeie grond” te maak, met ander woorde *'n goed voorbereide saailand*.

Die belangrikste in hierdie proses is die omploeg van die land. Dit beteken dat die harde kors op die oppervlakte eers gebreek moet word alvorens daar enigsins vrug op die saai of plantproses kan wees. Verder moet alle ongewenste plantmateriaal, soos onkruid en ander plante, verwyder word. Verder moet die nodige bemestingstowwe verkieslik ook ingewerk word. Daar is dus 'n hele proses voordat die saad in die grond kan val.

Hierdie proses spreek ons voorbereiding en hartsingesteldheid aan waarmee ons aan die Nagmaal moet deel. Die “harde kors” in ons lewe wat die Woord van God weerstaan, moet eers gebreek word. Ons moet beseef dat ons die Here nie dien soos wat ons aan Hom verskuldig is nie, ook leef ons nie teenoor ons naaste soos God se opdrag is nie. Verder moet alle spreekwoordelike “onkruid en ongewenste plantmateriaal” uit ons harte verwyder word, bedoelende dit wat die saad van God se Woord in sy groeiproses in ons lewe kan verhinder.

Hierdie proses is belangrik om sodoende met ons toetrede tot die Nagmaal die boodskap van die Nagmaal te kan ontvang. Die Nagmaal is self saad, dit is die evangeliebodskap sigbaar, tasbaar in die elemente van die Nagmaal nl. brood en wyn voorgestel. Hier word die evangelie van redding aan ons bedien en is dit soos reëndruppels wat op 'n dorre aarde val, soos die son wat opkom na 'n donker nag (HK Sondag 28). Hierdie is heilige oomblikke in teenwoordigheid van ons Verlosser en Saligmaker Jesus Christus, die Gasheer van die Nagmaalstafel.

Hierdie heilige beleving is alleen moontlik as ons onself deur die werking van die HG openbaar as ware bekeerdes van wie die “kors gebreek is” en “ongewenste plantmateriaal verwyder is”, want *as ware bekeerde is ek ontvanklik vir die troos en bemoediging van die Nagmaal*.